

# JOSEF

## en sy veelkleurige jas

en ‘n storie om oor te dink

**MAPULA MARTHA MALATJI**

*Illustrasies deur Jonanda Kannemeyer*

**JOSEF EN SY VEELKLEURIGE JAS**

© 2023 One Heart
Eerste uitgawe 2023
Gedruk in Suid-Afrika
ISBN: 9781776467297

***Hierdie is 'n oopbron-boek en mag nie vir wins verkoop word nie. Die boek kan afgelaai word by www.oneheartforkids.co.za***

Hierdie boek mag elektronies of in gedrukte vorm versprei word met geskrewe toestemming van die uitgewer. Die boek mag geensins op enige manier verander word nie. Alle regte word voorbehou. Om toestemming te vra, kontak asseblief die uitgewer.

One Heart
17 Pelikaan Straat, Stellenbosch
7600 Suid-Afrika
www.oneheartforkids.co.za

Outeur: Dr. Mapula Martha Malatji
Illustreerder: Jonanda Kannemeyer
Tipografie en uitleg: Imprint Publishing
Afrikaanse vertaling en proeflees: Lianda Cruywagen

# OU TESTAMENT BYBELSTORIE

# GENESIS 37 & 39- 47

# JOSEF

## en sy veelkleurige jas

Josef het in 'n land gebly met die naam van Kanaän en hy het 11 broers gehad.

Jakob, Josef se pa, was baie lief vir Josef, liewer as vir sy ander kinders, en hy het vir Josef 'n jas gemaak van baie kleure. Toe Josef se broers sien dat hul pa liewer was vir Josef as vir hulle, was hulle jaloers en het Josef gehaat.







Een nag het Josef 'n droom gehad en hy het sy broers daarvan vertel. Hy het gesê, "Ons was buite in die veld, besig om graan in gerwe te bind. Skielik het my gerf regop gestaan en julle gerwe het voor myne gebuig!" Sy broers vra hom toe, "Dink jy miskien jy gaan ons koning wees?"



Toe het Josef nog ‘n droom gehad. Hy het sy broers vertel, “Die son, die maan en die sterre het voor my gebuig!”

Dit het gemaak dat sy broers hom nog meer gehaat het.

‘n Kort rukkie hierna het Jakob vir Josef gestuur om te gaan kyk waar sy broers die skape oppas.

Josef het hulle uiteindelik opgespoor by ‘n plek met die naam van Dotan. Toe hulle Josef sien, sê hulle, “Hier kom die dromer. Kom ons maak hom dood!” Maar Josef se broer Ruben sê, “Nee, ons moenie hom doodmaak nie. Hoekom sal ons hom vermoor en sy bloed op ons hande kry? Kom ons gooi hom eerder in hierdie leë put af.”

Op die ou einde het die broers besluit om Josef se jas te vat en hom aan Midianitiese handelaars te verkoop wat daar verbygekom het. Die handelaars het hom toe verkoop aan ‘n amptenaar van die Koning van Egipte.





# JOSEF IN EGIPTE

Die Here het Josef geseën in Egipte, en Josef was getrou en het hard gewerk. Maar ten spyte daarvan is Josef vals beskuldig en in die tronk gegooi. Maar die Here het Josef beskerm in die tronk en hom guns gegee.

Eendag het die Koning kwaad geword en twee van sy dienaars in die tronk gegooi. Daar het altwee van hulle drome gehad wat Josef vir hulle uitgelê het.

Twee jaar later het Farao die Koning gedroom van sewe vet koeie wat opgevreet word deur sewe maer koeie, en 'n stingel met sewe vet are wat ingesluk word deur sewe skraal, verskroeide are op 'n ander stingel. Die dienaar het onthou van Josef wat kon drome uitlê en vertel toe die Koning van hom. En so word Josef toe ingeroep om die Koning se drome uit te lê.



Josef het vir die Koning gesê dat God hom deur sy drome vertel het wat in die nabye toekoms sou gebeur. Daar sou sewe goeie jare wees gevolg deur sewe jare van van droogte en hongersnood. Die vet koeie was die goeie jare en die maer koeie was die jare van hongersnood.

Josef sê toe vir Farao dat hy graan moet bymekaarmaak en stoor tydens die sewe goeie jare sodat daar kos kon wees tydens die sewe slegte jare. Farao was baie tevrede met die uitleg en het Josef aangestel as die goewerneur van Egipte.



Toe die moeilike jare van hongersnood aanbreek, het Jakob sy seuns Egipte toe gestuur om te gaan graan koop, want hulle het niks meer kos gehad nie.

Toe hulle daar aankom, sê Josef vir hulle, "Ek is julle broer wat julle as 'n slaaf verkoop het. Maar moenie sleg voel omdat julle dit gedoen het nie. Dit was God wat my hiernatoe gebring het om 'n raadgewer vir Farao te word en so julle lewens en baie ander mense s'n te red."



## Gebed

Here, ek wil u vra om my asseblief te vergewe waar ek trots of verkeerd was. Jesus, kom asseblief in my hart en leer my om almal te vergewe wat my lelik behandel het.

## Vrae

1) Hoekom het Josef se broers hom gehaat?
2) Waaroor het Josef gedroom?
3) Hoe het dit gekom dat Josef in Egipte beland het?
4) Wat het gebeur dat Josef vrygelaat is uit die tronk?
5) Wat het gebeur toe Josef se broers hom weer gesien het tydens die hongersnood?

## Simon en Leon

Simon en Leon is in Graad 5 in die Laerskool Leliesfontein in Afrika. Altwee van hulle is kampioen-atlete en doen uitstekend in verskillende soorte sport.

Simon was jaloers op Leon, en hy wou ten alle koste wen. Eendag, na ‘n oefensessie, gooi Simon olie en water voor die klaskamer se deur. Leon kom ingehardloop, gly, slaan neer, en breek sy been. Hy moes hospitaal toe gaan.





Na twee dae in die hospitaal, vra Leon sy ma om sy skoolboeke vir hom te bring. Hy begin lees en doen sy wiskunde. Wanneer hy hulp nodig het om iets te verstaan, vra hy van die verpleegsters en dokters om hom te help. Hy staan gou bekend as die seun wat mal is oor wiskunde.

Op ‘n dag bring verpleegster Nicky vir hom ‘n advertensie van ‘n wiskunde-kompetisie of olimpiade wat in hulle tuisdorp gehou sou word. Leon was baie bly en het vir die verpleegster gesê dat hy graag sou wou deelneem.

Toe Leon se ma hom kom besoek, het hy haar ook van die wiskunde-olimpiade vertel. Sy het saamgestem dat hy moes inskryf. Hy skryf toe in en wen die eerste prys.



Twee maande later, nadat Leon weer terug was by die skool, is daar spesiaal 'n plegtigheid gehou om hom te vereer vir sy prestasie. Tydens die byeenkoms het die hoof, juffrou Williams, 'n toespraak gehou oor vergifnis.

Juffrou Willams het gesê, "Leon, ons verwelkom jou terug en wil jou gelukwens met jou prestasie as die Graad 5 wiskunde-kampioen van Suid-Afrika! Simon het ons die waarheid vertel van wat eintlik gebeur het toe jy jou been gebreek het. Ons is so jammer daaroor."

"Ons weet dit het gebeur oor jaloesie, maar die Here het ander planne vir jou gehad. En kyk net, vandag is ons skool nie net bekend vir sy atletiek nie, maar ook vir sy prestasie in wiskunde."

Toe die hoof dit sê, het al die leerders opgestaan en geesdriftig hande geklap. Almal was bly en het Leon se prestasie gevier.

Na die byeenkoms het Simon vir Leon gesê hy is baie jammer oor wat gebeur het, en Leon het hom vergewe.




**Beantwoord die vrae:**

a) Wat is die naam van die skool?
b) Wat is die name van die twee seuns wat so goed was in sport?
c) Hoekom moes Leon hospitaal toe gaan?
d) Wat dink jy het gemaak dat Simon vir Leon wou seermaak?
e) Waarvoor het Leon bekend geraak in die hospitaal?
f) Wat sal jy doen as jy vir twee maande in die hospitaal moet bly?


## Gebed

Vader God, ek kom na u toe in die naam van Jesus. Van vandag af, help my om vry te kom van jaloesie en haat. Help my om op u pad te loop.

**Josef en sy veelkleurige jas** *is deel van 'n reeks van 20 boekies gebaseer op gebeure in die Ou en die Nuwe Testament van die Bybel.*




Boek_1




Boek_2

Boek_3

Boek_4

Boek_5

Boek_6

Boek_7

Boek_8

Boek_9

Boek_10

Boek_11

Boek_12

Boek_13

Boek_14

Boek_15

Boek_16

Boek_17

Boek_18

Boek_19

Boek_20

## Josef en sy veelkleurige jas

In hierdie boek gaan ons leer hoekom Josef se broers jaloers was op hom, en hoe God hom beskerm het selfs nadat hulle hom as 'n slaaf verkoop het.

Ons leer ook hoekom die sportiewe Leon in die hospitaal beland het en wat gebeur wanneer ons hard werk en leer om ander te vergewe.

9781776467297

Afrikaans

